NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 5 JUNIE 2022

PINKSTERFEES

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Groei na Pinkster

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Psalm 8; Spreuke 8:1-4, 22-31

Romeine 5:1-5; Johannes 16:12-15

SONDAG, 5 JUNIE	
	BIDDAG VIR EKOLOGIE
09:30	Oggenddiens – Ds Chris Barnardo Deuroffer: Durbanville Kinderhuis Erediensspan 1 – Chris van Niekerk
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese
MAANDAG, 6 JUNIE	
18:30	Kooroefening
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 7 JUNIE	
GEEN	Senior Burger Bybelstudie
GEEN	Manne Bybelstudie in Moederskamer
WOENSDAG, 8 JUNIE	
09:30	Vroue Bybelstudie
GEEN	Othello Bybelstudie
19:00	Kerkraadsvergadering in die konsistorie

DONDERDAG, 9 JUNIE	
09:30	Kuilsrivier Dienssentrum – Bingo & Broodjies (NG Moedergemeente Saal) Sopbeurte: Anita le Roux, Marietjie Mostert, Lizelle Wessels, Riana van Niekerk, Mariana van Schalkwyk
VRYDAG, 10 JUNIE	
09:00	Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – Almal welkom
SATERDAG, 11 JUNIE	
SONDAG, 12 JUNIE	
	BIDDAG VIR DIE JEUG EN KATEGESE
09:30	Oggenddiens Deuroffer: Jeugwerk Erediensspan 2 – Lorraine Louw
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese

GEMEENTENUUS

1. Mickey, dogter van Freda Brink (Verreweidestraat), was onder die top 10 van die semi-finale rondte van die ATKV redenaarskompetisie.
2. Janine Theron (Breekhoutstraat) se ma is oorlede.
3. Manie Engelbrecht (Othello) sê broer is oorlede. Manie se oorlede broer is ook die oom van Elize van Wyk (Othello).
4. Sophie Gourrah (Annandalestraat) is in die hospitaal opgeneem.



VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die volgende kerkraadsvergadering vind plaas op Woensdag 8 Junie 2022 om 19:00.
2. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
3. Ds Hannes Burger is tans met verlof.

OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Durbanville Kinderhuis

Durbanville Kinderhuis bied residensiële versorging aan sorgbehoewende kinders buite die gesinsomgewing. Die programme is daarop gefokus om die kind te beskerm, te versorg en te ontwikkel binne 'n terapeutiese omgewing. Die kinders is fisies en/of emosioneel mishandel en die pad na herstel is moeilik en langsaam. Die gesin of familie van die kind word gesien as deel van die behandelingsplan van die kind. Die personeel bestaan uit kinderversorgers, maatskaplike werkers en ondersteunings-personeel en hulle word bygestaan deur ander professies soos verpleegkundiges, opvoedkundiges, arbeidsterapeute en sielkundiges om 'n holistiese diens aan die kind te lewer. Die sentrums maak ook baie staat op vrywilligers om te help met skoolwerk, logistiek en fondswerwing.
Donateurs en vrywilligers word vir ondersteuning gevra aangesien die diens intensief en duur is. Bid asseblief vir die kinders en hul families en ook vir die personeel en vrywilligers vir elkeen se rol.

Durbanville Kinderhuis

Waarnemende Bestuurder | 021 975 6822 | bestuur@durbanvillekinderhuis.org.za
Webwerf: https://durbanvillekinderhuis.org.za/af/afrikaans

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

05/06 Francois la Grange, Amanda Kotzé, Anton Lloyd, Handré Truter
07/06 Riëtte Matthee, Alta Pienaar, Pierre Swart(80), Xander Nell, Isabel Pitschlitz(83), Natalie van der Merwe, Alicia Gourrah, Adele Steenkamp, Rita Walters
08/06 Carel Rademeyer(83), Chrissie Gerber(94)
09/06 André Penderis, Linda Coetzee
10/06 Engela Franken, Bettie Aucamp(82), Johan Nel, Renier Pienaar, Vikkies Victor, Yolanda Vosloo, Melita Burger, André Steenkamp
11/06 Carien Bester, Maléne Swift, Gerhard van Schalkwyk



KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal die 1ste week van die skoolvakansie van 27 Junie tot 1 Julie gesluit wees en heropen weer Maandag 4 Julie.
Vakansie kantoor ure van 4 Julie tot 18 Julie:
Maandae en Vrydae: 08:00 – 12:00
Dinsdae tot Donderdae: 08:00 – 11:00

BYBELSTUDIE

Senior Bybelstudie- en Othello Bybelstudiegroepe

Vanweë Pinkster en ds Hannes se verlof daarna, hervat die Bybelstudie soos volg:

Senior Bybelstudie hervat 19 Julie 2022
Othello Bybelstudie hervat 27 Julie 2022

BASAAR – 28 MEI 2022

Nadat die uitgawes betaal is en invorderings gedoen is, het die netto inkomste van die basaar mooi gegroei tot R243 644,34.

Weereens baie dankie aan almal betrokke.

NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Ek gee graag terugvoer rakende die afgelope 3 maande se syfers:

	Maart 2022	April 2022	Mei 2022
Maandelikse dankoffers	188 385	215 400	179 652
Totale inkomste	256 701	330 464	557 947
Totale uitgawes	340 914	294 023	402 100
Surplus / (Tekort)	(84 213)	36 441	155 847

Die hoër totale inkomstes en totale uitgawes in Mei is beide as gevolg van die basaar wat ons verlede naweek gehou het. ‘n Gedeelte van die basaar-uitgawes is reeds in Maart-maand aangegaan, wat die grootste rede was vir die hoër as normale uitgawes in daardie maand. Die basaar se totale netto inkomste staan tans op R243 644, en alhoewel dit minder is as die begrote bedrag van R275 000, is ons eindeloos dankbaar dat ons weer behoorlik kon basaar hou. In my boek was dit ‘n reuse sukses.

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke van der Walt

DAMESKRING SIMFONIE KONSERT

DAMESKRING Simfonie
bied aan
LIGVOETSE KLANKPALET
op
9 Junie 2022
om
18:30
by
NG Kerk Kuilsrivier-De Eike
h/v Langenhoven en Pionierstraat
Kuilsrivier
(Kaartjies R80 pp by die deur)

DK Simfonie bied aan: Luistermusiek met

- Orreliste Winand Grundling, Marian Steyl en René Ferreira
- (al drie is oud-leerders van Hoërskool Brandwag op Uitenhage)
- 'n Dwarsfluit- en klavierduet: Jeannie Kelly en Carike Byker
- Trompet: Esther Venter en tjello Hester Fischer

Ten bate van die Onderwysbeursfonds van die Dameskring
Borge: Zero30 en Bunches for Africa

PREEKSKETS

TEMA – DIE VREUGDE VAN ’n LEWENDE VERHOUDING MET GOD

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Psalm 1

1. **Inleiding.** Gewoonlik dink ons aan ’n gelowige mens as iemand wat van alles seker is. Iemand wat veral omtrent God sekerheid het. Maar weet ’n gelowige regtig alles van God af? Dit lyk nie so nie. Want waarom anders sou hy dag en nag loop en peins? Waarom sou hy die Wet van God oordink? Is dit nie omdat hy nie voetstoots berus nie? Die gelowige is ’n soeker en ’n vraer. Die gelowige vra omdat hy weet dat daar ’n antwoord moet wees. Die gelowige vra omdat hy ’n adres vir sy vrae het. Ons mag maar vra en antwoorde soek in die Woord. God neem ons nie kwalik nie want God ken die hart van ’n gelowige. Ons kan gerus maar op hierdie manier ons geloof uitleef. So word ons miskien ook bome wat vrugte gee op hulle tyd.

2. ‘**n Nuwe seisoen in De Eike.** En dit is waarvan die digter van hierdie Psalm praat. Die Psalmdigter sê dat ’n boom ’n besondere AARD het, met ander woorde: Bome maak van dieselfde wyse gebruik om voeding uit die grond te kry – hulle AARD is om water uit die grond op te neem om te kan groei! Bome se doel en waarde lê daarin dat hulle VRUGTE dra en KOELTE gee. Net só wil God hê dat dit die mens se AARD sal wees om God se Woord en sy wil op te neem – net soos bome water opneem, sodat die mens aan God se DOEL kan beantwoord, sodat ons WAARDE en BETEKENIS tot uiting kan kom. Net soos vrugte dra en skadu gee die doel en waarde van ’n boom is, só lei God se Woord elke mens om deur gehoorsaamheid aan die Here vir ons medemens koelte te gee en te begelei op dié roete wat vir die Here goed en aanneemlik is!

3. **Slot**. Maar ons is blootgestel aan goddeloosheid, aan lewensomstandighede en mense wat net plesier najaag en daarin vreugde en sogenaamde geluk vind! Hier staan nie dat mense wat in die Woord van die Here hulle vreugde vind, nie deur hierdie mense en tye en omstandighede gepla en versoek sal word nie. Nee, ons leef saam met dit en dit is deel van menswees! Die verskil kom by die belofte van die Here.

WAT WAS DIE BAKENS TYDENS ONS PINKSTERREIS?

a. Luister na My stem sodat ek jou kan huis toe bring. **Groei deur die Woord.**

b. Egte getuienis begin met hartseer harte. **Groei deur getuienis.**

c. Wees ’n MODUWANE (Wilgerboom in Suid Sotho), of UMTHI (Koelteboom) in Xhosa. Gee koelte. **Groei deur lief te hê.**

d. Wees ’n geleier van die hemelse krag. Moenie ’n kortsluiting wees nie. **Groei deur diensbaarheid.**

e. Hoe word GROEI gestimuleer? **Groei deur kleingroepe.**